

Inhoudsopgawe

Januarie

Ons Verbondsgod

Februarie

Jesus, Here en Verlosser

Maart

Die krag van die Heilige Gees

April

Verkondig die evangelie van Jesus Christus

Mei

Ontvang krag in die teenwoordigheid van God

Junie

Vrede wat alle verstand te bowe gaan

Julie

Vertrou op die Here se onwankelbare liefde

Augustus

Leef deur die geloof

September

Water van die lewe in jou spruit

Oktober

Die krag van gebed

November

Familiewaardes

Desember

Met Christus die toekoms tegemoet


Erkennings

Ek sê vir die Here dankie vir my dogters, Robyn Maclean en Jilly Hull, wat hulle heelhartig daartoe verbind het om ons boeke deur die hele wêreld te versprei sodat nog meer mense na ons Here Jesus Christus toe kan kom. Dankie, Jilly en Robyn. Ek weet nie wat ek sonder julle sou gedoen het nie.

Ek wil dankie sê vir my dierbare vrou, Jill, wat soveel ure vir my bid terwyl ek die evangelie verkondig en die goeie nuus op papier neerskryf vir almal wat die Here en sy wil soek.



Voorwoord



Ek is oortuig dat die belangrikste deel van 'n Christen se lewe stilword-oomblikke by die Here is. Dit is uiters noodsaaklik dat elke gelowige elke dag ononderbroke tyd by Jesus sal deurbring. Ons het die verkwikking van hierdie tye by Hom nodig om ons roeping uit te leef, om ons wedloop hier op aarde te voltooi en om die taak te volbring waartoe die Here ons hier op aarde geroep het.

Daarom hoop en vertrou ek dat hierdie boek 'n inspirasie sal wees vir elkeen wat dit lees. Ek bid dat jy elke oggend, voordat jy jou dag aanpak, by die Here sal stil word. Gee die eerste vrugte van die dag vir Jesus en Hy sal jou verkwik en lei. Hy sal vir jou sy wysheid en bowenal sy vrede gee.

~ *Angus Buchan*



Januarie



Ons Verbondsgod



'n Nuwe verbond

"Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees." (Heb 8:10)

Op hierdie eerste dag van die jaar wil ek vir jou vertel van die nuwe en opwindende verbond wat God met ons, sy kinders, gesluit het. Daar is baie beloftes by hierdie verbond ingesluit, maar ook voorwaardes. Hebreërs 8:8 en 10 sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees."

"Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees." Wat 'n eer! Wat 'n voorreg om te weet God is my Vader, en ek is sy kind. Kan jy hierdie woorde vandag bely? Onthou, goeie mense gaan nie hemel toe nie; gelowiges gaan hemel toe. Dit is 'n feit. Jesus sê in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

Besluit vandag om getrou te bly aan jou liefdevolle Vader en sy nuwe verbond. Stel jou vertrouwe in Hom. Hy sal jou God wees, en jy sal sy kind wees. Wat kan beter wees as dit? Mag God jou ryklik seën namate jy in die verbond met Hom leef.

Here my God, vergewe my asseblief dat ek my verbond met U verbreek het. Dankie dat U u kant van die verbond nooit sal verbreek nie. Dankie vir u nuwe verbond met my.

Amen

Kinders van God, vir ewig

Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. (Rom 8:16)

Ons het gister oor God se nuwe verbond gepraat. 'n Verbond is 'n bindende ooreenkoms. Toe God 'n verbond met die Israeliete gesluit het, het Hy belowe om hulle God te wees en hulle het hulself daartoe verbind om God alleen te aanbid.

Ek het 'n pragtige vrou, Jill, en ons het 'n verbond met mekaar gesluit. Ek dra 'n trouing wat verklaar dat ek met een vrou, Jill, getroud is. Sy dra 'n ring wat vir die wêreld sê sy is met een man getroud en dit is ek, Angus. Hierdie verbond mag nie verbreek word nie. Toe ek met my vrou getrou het, het ek gesê: "Tot die dood ons skei, sal ons een wees."

In die Here se nuwe verbond met ons sê Hy: Ek sal julle God wees en julle sal my kinders wees, vir ewig. Nie eens die dood sal ons skei nie. Die Here Jesus Christus word gebind deur sy beloftes en Hy sal altyd sy beloftes nakom. Ook ons moet ons kant van die verbond nakom.

Romeine 8:19 sê: "Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is." Dit beteken die mense van die wêreld wil sien wat ons, die Christene, die mense van die nuwe verbond, gaan doen. Ons het die antwoord. Ons leef in pas met God; daarom is ons die mense wat moet lei.

Lei jy vandag ander mense na die Weg sodat hulle deel van God se nuwe verbond kan word?

Here, help my om U alleen te aanbid, want U is my God en ek is u kind. Help my om ander na U te lei sodat U ook met hulle 'n verbond kan sluit. *Amen*